# BOME & HOUT

*– die natuur se innovasie*

Bome is indrukwekkende organismes en een van die aarde se grootste en belangrikste natuurlike hulpbronne. Hul bydrae tot die effektiewe regulering van ons omgewing en atmosfeer is van onskatbare belang.












# BOME & HOUT

## *Die Aarde se Rykdom*

### Die eindproduk van bome, hout, is die materiaal van die toekoms

- Organies
- Nie giftig
- Afvaldoeltreffend
- Herwinbaar
- Bio-afbreekbaar
- Bespaar energie
- Minder besoedeling
- Hernubaar









UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

T: +27 (0)21 808 3303/3323 | F: +27 (0) 21 808 3603 | wood@sun.ac.za | www.sun.ac.za/forestry

Fakulteit Agriwetenskappe | Stellenbosch University | Privaatsak X1 | Matieland 7602 | South Africa

Departement van Bos- en Houtkunde

# BOS- EN HOUTPRODUKKUNDE

Die Universiteit van Stellenbosch is intens betrokke by die opvoeding van toekomstige wetenskaplikes. Dit is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat 'n omvattende vier-jaar BSc graadkursus aanbied vir beide Bos- en Houtprodukkunde en sodoende die hele waardeketting van die bosbedryf insluit. Studente geniet die voordeel van stimulerende en diverse programme wat navorsing en studies in die woude, wynlande en berge van Stellenbosch insluit, sowel as 'n wye verskeidenheid van loopbaanvooruitsigte plaaslik en internasionaal.

## VOORGRAADSE PROGRAMME

### Bosbou- en Natuurlike Hulpbronnewetenskap

- Bos-ekofisiologie en -kultuur
- Bosbestuur
- Afstandswaarneming
- Bosingenieurswese
- Bosbou-ekonomie

Die kursus is gestruktureer om studente 'n holistiese begrip te gee van bosse, woude, die omgewing en plantasies. Dit sluit in boskultuur, bos-ekologie, bosmeting en modellering, bergopvanggebiede, ontginnings-metodes en stelsels, en logistiek, bosbeplanning en -beleid en ander interessante aspekte van Natuurlike Hulpbronbestuur. Studente kry ook die geleentheid om baie tyd buite te spandeer en op velduitstappies huidige bosboupraktyke waar te neem. Die struktuur van die kursus maak voorsiening vir bree maar terselfde tyd in-diepte blootstelling aan wetenskaplike, ekonomiese, tegniese en sosiale kwessies.

### Houtprodukkunde

- Houtmateriaalkunde
- Houtprosessering
- Produk en produkontwerp
- Ondernemingsbestuur
- Ingenieurswese

Die kursus bestaan uit 'n unieke kombinasie van Houtprodukkunde, Ingenieurswese en Ondernemingsbestuur. Studente leer oor alle aspekte van houtwetenskap en -produksie soos houtanatomie en identifisering, houtchemie en -bewaring, houtmeganika en houtproduksie. Dit word aangevul deur 'n verskeidenheid ingenieursmodules wat op vervaardigingstegnologie, besigheidsbestuur en bedryfsinge-nieurswese fokus. Die kursus behels ook velduitstappies en praktiese opleidingsessies.

## LOOPBAANGELEENTHEDE

Gegradueerdes van die Universiteit van Stellenbosch word internasionaal erken as van die beste in die bedryf. Dit is ons strewe om veelsydige bestuurders en navorsers te lewer met die nodige vaardighede om al die uitdagings van tegnologie-oordrag te bestuur en te verstaan. Dit bied aan ons gegradueerdes besondere loopbaangeleenthede en stel hulle in staat om in ander verwante bedrywe te diversifiseer.

Loopbaangeleenthede wissel van entrepreneuriese ondernemings tot die korporatiewe omgewing, plaaslik asook in die buiteland. Dit sluit in bestuurs-, tegniese, bewarings- of navorsingsgerigte loopbane. Navorsing het getoon dat houtprosesseerders en ander houtkwekers verkies om gegradueerdes van Stellenbosch in diens neem.

### Boskunde
- Vir 'n volhoubare toekoms

Byvoorbeeld
- Bosekoloog of -beplanner
- Bosboukonstultant of -kontrakteur
- Natuurlike hulpbronbestuurder
- Produksiebestuurder
- Boomteler / Houtkweker
- Navorser / Bosbouwetenskaplike
- Omgewingsbeplanner
- Logistieke bestuurder
- Landelike ontwikkelingsadviseur
- Uitbreidingsbeamplte
- Grondgebruikbestuurder

### Houtkunde
- Ontdek die veelsydigheid van hout

Byvoorbeeld
- Produkontwikkelaar of -navorser
- Aanleg- of saagmeulbestuurder
- Produksiebestuurder
- Entrepreneur / Besigheidseienaar
- Vervaardigingsingenieur
- Bordprodukte-vervaardiger
- Gehalteversekeringsbestuur
- Meubelontwerp en –vervaardiger
- Vervaardiger van gelamineerde produkte
- Vervaardiger van fineer en laaghout produkte
- Vervaardiger van vensters en deurrame

## BEURSE

'n Groot persentasie van ons studente word befonds met beurse van die industrie, die regering en die universiteit. Kontak ons skakelbeampte vir inligting oor beskikbare beurse.